Ben kry ’n nuwe maat



Miems, Lebo en Ben die hond gaan 'n ent stap.

Ben is vandag baie laf. Hy hardloop vir hulle weg.

Miems en Lebo hardloop agter hom aan.

"Kom terug, Ben!" roep Lebo.





Ben hardloop tot by die park.
By die park se muur gaan hy
staan. Hy ruik iets in die lug.

Wat ruik hy agter die muur?
Is dit 'n blou-en-rooi bal?

Woef! Woef! Woef!



"Wat ruik jy, Ben?" vra Miems.

"Is dit dalk 'n been?" wonder Lebo.

"Of kan dit 'n roomys wees?"
vra Miems.

Woef! Woef! Woef!






Miems en Lebo volg Ben in die park in.

Kwaak! Kwaak! Kwaak!

"Dit is 'n klein, geel eendjie!" roep Miems.

"Dalk het hy verdwaal," sê Lebo.

Stadig stap die meisies na die klein, geel eendjie toe.







"Het jy verdwaal, eendjie?" vra Lebo.

"Kom ons neem hom na die dam toe," sê Miems.

Ben begin blaf. Woef! Woef! Woef!

"Nee, Ben!" sê Lebo. "Jy maak die eendjie bang."



Miems en Lebo neem die eendjie na die dam toe. By die dam kry hulle 'n mamma-eend en 'n pappa-eend.

"Hier is jou mamma en pappa," sê Miems vir die eendjie.

"Kyk, jou boeties en sussies swem in die dam!" voeg Lebo by.

Kwaak! Kwaak! Kwaak!





"Ek wens ek kon die eendjie huis toe neem," sê Miems.

Die klein, geel eendjie spring dadelik in die water en begin swem.

"Ek dink die eendjie wil by sy mamma, pappa, boeties en sussies bly," sê Lebo.


Kwaak! Kwaak! Kwaak!



Ben kyk hoe die eendjie in die dam swem. Toe spring Ben ook in die dam.

Plas! Plas! Plas!

"Nee, Ben, jou lawwe hond!" roep Lebo. "Klim uit!"





Ben klim uit en skud homself droog.

"Ag nee, Ben, nou is ek ook nat!" roep Miems.

"Kom ons gaan huis toe," sê Lebo.

Ben groet sy nuwe maat.

Woef! Woef! Woef!



Kyk mooi na jou troeteldiere!





Sing!

Sien jy die eendjies?



Sien jy die eendjies
Wat in die water swem?
Mamma, pappa en baba-eendjies,
En almal kwaak vir Ben!






Sien jy hoe lekker hulle duik
En in die water swem?
Mamma, pappa en baba-eendjies,
En almal kwaak vir Ben!





Sien jy hoe hulle hul vlerke klap
En in die water swem?
Mamma, pappa en baba-eendjies,
En almal kwaak vir Ben!






Ons leer oor eende


Eende is familie van ganse en swane.
Eende se pote is geweb om hulle te help om te swem.
Hulle vere is waterdig.
Ons praat van "wyfie-eende" en "mannetjie-eende".
Ons noem die kleintjies "eendjies".





















Groepleesaktiwiteite



1 Kyk na die prente hieronder. Vertel vir jou maat wat in elke prent gebeur. Sê vir jou maat watter prent eerste, tweede, derde en vierde moet wees. Gebruik die prente om die storie aan jou maat oor te vertel.











2 Voer 'n rolspel oor die storie op.



3 Lees die vrae en beantwoord dit saam met jou maat.

a. Wat is die titel van die storie?
b. Wie is die hoofkarakters in die storie?
c. Waar het Miems en Lebo die klein, geel eendjie se mamma en pappa gekry?




d. Dink jy Ben en die eendjie sal maats bly?
Gee 'n rede vir jou antwoord.


e. Noem die kleure wat in die storie voorkom.




4


Sê vir jou maat watter prent by watter woord pas.
Lees die sin wat by die prent en die woord pas.











been	Is dit 'n groot been?
dam	Dit is 'n blou-en-rooi bal.
bal	Dit is 'n geel eendjie.
hond	Ben spring in die dam.
eendjie	Ben is 'n hond.



5 Skryf die sinne in jou klaswerkboek oor. Gebruik die woorde en prente om jou te help om die regte woorde in te vul en die sinne te voltooi.

Ben	dam	eendjie	voël

voorbeeld: 	Die voël sing in die boom.
	Miems en Lebo gaan stap saam met _____.
	Ben sien 'n klein, geel _____.
	Miems en Lebo neem die eendjie na die _____ toe.



6 Skryf een sin uit die storie in jou klaswerkboek oor. Teken 'n prent wat by jou sin pas.